STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 25 - 2017 • EDITION 25 - 2017

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners

Dié nuusbrief is propvol nuus, meestal goeie nuus! Ek is baie opgewonde oor ons onlangse baie suksesvolle Burgemeestersgholfdag op die Stellenbosch Gholfbaan. Die doel daarvan was om fondse in te samel vir die Burgemeestersfonds.

Dit is 'n fonds geskep vir my as Burgemeester om behoeftige mense in ons gemeenskap te help. Die fonds maak staat op skenkings en fondsinsamelings, want geen munisipale fondse mag hiervoor gebruik word nie. Om die fonds 'n hupstoot te gee, het Raadslid Rikus Badenhorst van Wyk 21 gehelp om 'n gholfdag te reël. Graag sê ek dankie vir die wonderlike bystand ontvang van die lede en bestuur van die gholfklub, asook verskeie borge. Die resultaat was 'n baie suksesvolle geleentheid waartydens ons daarin geslaag het om R 100 000 in te samel! Dit is vir my 'n groot vreugde en riem onder die hart.

Burgemeestersfonds

Spesiale sake waaraan ek graag wil aandag gee deur middel van die fonds sluit onder andere in hawelose mense en organisasies wat na hul belange omsien, brandslagoffers en behoeftige kinders. As Burgemeester kry ek gereeld hartroerende versoeke vir hulp en ek voel dit is my plig om so te help. U sal verbaas wees om te sien hoe klein bydraes hierdie mense se menswaardigheid herstel en weer hoop gee. Inwoners wat (selfs baie klein) skenkings wil maak aan die fonds is baie welkom. Ek wil u verseker dat die fondse versigtig aangewend word en dat die fonds ook jaarliks geoudit word as deel van die Munisipaliteit se oudit. Indien u 'n

Dear Residents

This is a packed newsletter, filled with mostly good news! I am so excited about our recent Mayor's Golf Day that we successfully hosted at the Stellenbosch Golf Course. The purpose of the golf day was to raise funds for the Mayoral Fund.

This is a fund created for my use, as Mayor, to assist people in need in our community. The fund relies on donations and fundraisers because no municipal funding may be used for it. To boost the fund, Councillor Rikus Badenhorst from Ward 21, assisted in organising a golf day. I want to thank the members and management of the golf club for their assistance, as well as the contributions made by the various sponsors. The result was a very successful event where we managed to raise R100 000. It is a great joy and comfort to me.

Mayoral Fund

The special issues I want to address by means of this fund include homeless people and the organisations that support them, victims of fire and children in need. As Mayor, I often receive heart wrenching pleas for assistance and I feel that it is my duty to give assistance where possible. You will be surprised by how small contributions can restore the dignity of these people and give them hope. Residents who want to make a contribution (even a very small one) are more than welcome to do so. I want to assure you that the fund will be carefully administrated. It is audited annually as part of the Municipal Audit. You are

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8314
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Jeug & Omgewing
Youth & Enviroment
bl/pg 4

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

spesifieke doel het waarvoor u wil hê dit aangewend moet word, kan u dit ook spesifiseer. Indien u 'n skenking wil maak, kan u gerus my kantoor kontak (mayor.pa@stellenbosch.gov.za).

Toekenning vir 360

Graag sê ons geluk aan Stellenbosch 360 vir hul toekenning as die Beste Besoekers en Informasie Dienste tydens die jaarlikse Burgemeesterstoekennings vir Toerisme aangebied deur die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit. Daarmee saam het verskeie rolspelers in die Franschhoek omgewing ook pryse ingepalm. Leopard's Leap het die Wyn Toerismebestemming vir die Jaar gewen, terwyl Franschhoek Kelders die wenner was in die kategorie vir Nuwe Toerismebesigheid van die Jaar. Die Franschhoek Cap Classique en Sjampanje Fees is bekroon as die Beste Toerisme Verwante Fees/Geleentheid van die Jaar. Baie geluk aan al ons wenners.

UCI Bergfiets Wêreldbeker

Ek is kinderlik opgewonde omdat ons daarin kon slaag om die eerste been van die UCI Wêreldbeker, wat in Maart 2018 gehou gaan word, vir Stellenbosch te verkry. Dit is die enigste plek in Afrika waar 'n been van hierdie kompetisie plaasvind! En daarmee saam gaan die EPIC net die week vantevore ook in Stellenbosch begin! Ek het dan ook onlangs met die organiseerders en Minister Alan Winde vergader om te gesels oor hierdie wêreldklasgeleentheid en wat dit alles vir die groter Stellenbosch kan beteken. Werkskepping, 'n enorme ekonomiese inspuiting en spesifieke vaardigheidsopleiding is 'n belangrike deel van die pad vorentoe en provinsie gaan fondse bewillig om plaaslike inwoners op te lei as tegnici om aan fietse te werk. Ek gaan ook 'n hand bysit om die organiseerders en besighede met mekaar in kontak te bring sodat die volle potensiaal van die geleentheid ontgin kan word. Stellenbosch se gewildheid onder veral bergfietsryers neem vinnig toe en ons is reeds 'n basis vir internasionale fietsryers waar hulle kom oefen en kom bly selfs vir maande aaneen. Soos die beplanning ontvou sal ek u op hoogte hou van waar en hoe u moontlik betrokke kan raak. Hou ook die pers dop vir meer inligting.

Nuwe Fietsryroete

Fietsry is mos nou hoogmode en ek hoop dit inspireer u om ook 'n fiets te kry en te begin trap. Dit was vir my 'n reuse voorreg om op 11 Mei 2017, saam met Minister Winde, die nuwe "CrossCape" fietsryroete te loods. Die eerste roete in die Wes-Kaap begin in Stellenbosch! Die idee is dat toeriste (plaaslik en internasionaal) per fiets van dorp na dorp kan toer via hierdie roetes en dat daar dienste en geriewe sal wees langs die roetes wat spesifiek vir hierdie mense sal sorg. Dit is 'n opwindende nuwe inisiatief en nog roetes gaan later in die provinsie bekend gestel word.

Skoon Oudit

Nog goeie nuus is dat ons onlangs 'n trofee-toekenning van die Ouditeur-Generaal vir ons Munisipaliteit se skoon oudit wat in Desember vir die boekjaar 2015/2016 aangekondig is, ontvang het. Die skoon oudit uitslae wys dat die Munisipaliteit se finansiële bestuur in orde is en dat ons voldoen aan al die voorgeskrewe wetgewing. Ek is vasbeslote en toegewyd om hierdie standaard van uitnemende finansiële bestuur te onderhou

welcome to specify how your donation must be applied if you have a specific cause in mind. If you want to make a donation, please contact my office (mayor.pa@stellenbosch.gov.za).

Award for 360

Congratulations to Stellenbosch 360 for winning the Best Visitors and Information Services at the annual Mayoral Awards for Tourism, hosted by the Cape Winelands District Municipality. Several tourism stakeholders from Franschhoek also walked away with prizes. Leapard's Leap won the Wine Tourism Destination of the Year award and Franschhoek Cellars won the New Tourism Business of the Year Award. The Franschhoek Cap Classique and Champagne Festival won the award for Best Tourism Related Festival/Event of the Year. Congratulations to all our winners.

UCI Mountain Bike World Cup

I am very excited that we succeeded in our efforts to secure the hosting of the first leg of the UCI Mountain Bike World Cup, to be held in March 2018, here in Stellenbosch. It is the only place in Africa where this competition will be taking place! And to top it all, the EPIC will start in Stellenbosch just one week earlier! I recently met with the organisers and Minister Alan Winde to talk about this world class event and what it will mean for the greater Stellenbosch area. Job creation, a significant economic injection and skills training are extremely important going forward and the Provincial Government has made funds available that will train local residents as technicians to repair bicycles. I will also lend a hand to bring together the organisers and local businesses to make sure we capitalise on this opportunity. Stellenbosch is growing in popularity especially amongst mountain bikers and has already become a base for international cyclists where they train and reside for months on end. As the planning moves forward I will keep you informed about how and where you could possibly get involved. Keep an eye on the local news media for information.

New Cycling Route

Cycling is very fashionable at the moment and I hope it inspires you to get out your bicycle and start peddling. It was a great privilege for me to launce the CrossCape Cycle Route with Minister Winde on 11 May 2017. The first route in the Western Cape starts in Stellenbosch! The idea is that tourists (both local and international) cycle from town to town, exploring these routes and that services and amenities catering for their specific needs be available along the route. It is an exciting new initiative and more routes will be launched in the province at a later date.

Clean Audit

More good news is that we recently received our trophy from the Auditor General for our Municipality's clean audit outcome for the financial year of 2015/16 which was announced in December. The clean audit is proof that the Municipality's financial management is in order and adheres to all the prescribed legislation. I am determined and committed to uphold these high standards of financial management and will not tolerate

en sal geen korrupsie of wanbestuur duld nie. Al is dit minder aangename nuus, is ons besig om verskeie amptenare wat buite die lyne getrap het, te dissiplineer.

Ons primêre doel is lewering van dienste en die skep van 'n munisipale omgewing wat geleenthede skep vir alle inwoners. Ek wil weereens dankie sê aan ons Hoof Finansiële Beampte en al die amptenare wat so hard gewerk het om te verseker ons doen alles volgens die wet.

Begroting

Aan die einde van Mei, sal die finale begroting vir die nuwe finansiële jaar voor die Raad dien. Dit sal volg na 'n proses van openbare deelname en die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)-vergaderings wat in April plaasgevind het. Ek wil dankie sê aan elke persoon wat aan die vergaderings deel geneem het en insette gelewer het. U insette is uiters belangrik want dit gee vir ons 'n aanduiding wat u verwagtinge van die Munisipaliteit is en ook wat u graag wil hê ons moet aan aandag gee. Ons bestudeer elke inset en dit word in ag geneem met die saamstel van die finale begroting.

Dienslewering

My eerste begroting fokus absoluut op dienslewering vir alle gemeenskappe, want my droom vir die groter Stellenbosch is 'n plek wat geleenthede aan almal moet bied. Daarom is die klem ook op broodnodige infrastruktuur. Dit vorm die fondasie van alles wat ons graag wil bereik en as ons nie behoorlik hieraan werk nie, sal geen van ons aspirasies verwesenlik word nie. Hiermee skep ons ook die fondasie vir toekomstige welvaartsontwikkeling. Dit is dus 'n begroting sonder frille en valletjies, inderdaad 'n platvorm vir dienslewering.

Spaar Water

U is seker al moeg daarvan om te hoor van watertekorte, maar ek kan die belangrikheid hiervan nie genoeg beklemtoon nie. Water is lewe, sonder water sal alles gaan stilstaan. Daarom wil ek u weer herinner dat ons uiters ernstige waterbeperkings het en dit sal so bly vir die voorsienbare toekoms. Ek bid dat ons gedurende die winter goeie reën sal ontvang, maar selfs 'n uitsonderlike reënseisoen is op dié stadium nie genoeg om die damme so vol te maak dat ons beperkings sal kan lig nie. Ek wil elke inwoner steeds aanmoedig om die moeite te doen om die ekstra bietjies te spaar. Elke druppel is kosbaar!

Onlangs het ek nie geweet of ek moet lag of huil nie, want toe iemand ons Speaker se kraan by sy huis steel, was hulle darem so waterbewus om eers die stopkraan toe te draai!

U Insette is Belangrik

Met elke nuwe Raadstermyn is dit wys om ons munisipale verordeninge te hersien om te verseker die verordeninge voldoen aan die veranderde vereistes en omstandighede in ons dorpe, asook wysigings in wetgewing wat plaasgevind het. Soos die hersieningsproses vorder sal daar ook advertensies in die plaaslike media verskyn wat u deelname aan die proses vra. U insette is belangrik, want hierdie verordeninge word gebruik om u regte binne u omgewing te onderhou en te patrolleer. As u nie probleme onder ons aandag bring nie, kan ons dit nie voldoende aanspreek nie.

any corruption or mismanagement. Less pleasant news is that we have been disciplining officials who have transgressed.

Our primary goal is to deliver services and to create a municipal environment which creates opportunities for all residents. Once again, I want to thank the Chief Financial Officer and all the officials who worked so hard to ensure that we do everything in accordance with the law.

Budget

At the end of May, the final budget for the new financial year will serve before Council. This will happen following the conclusion of the public participation process and the Integrated Development Plan (IDP)-meetings that took place during April. I want to thank everyone who participated in the meetings and gave their input. Your inputs are extremely important because it gives us an indication of what you expect of the Municipality and what you would like us to pay more attention to. We study every input we receive and it is considered before the final budget is assembled.

Service Delivery

My first budget solely focuses on service delivery to all communities because my dream for the greater Stellenbosch is to be a place that provides opportunities to all. That is why the focus for this budget is on essential infrastructure. Infrastructure forms the foundation of what we want to achieve and if it does not function properly, we will not be able to realise any of our aspirations. This is also the foundation from which we develop future wealth. It is therefore a no fuss budget, truly a platform for service delivery.

Save Water

You are probably tired of hearing about the water shortages but I can not impress on you enough the seriousness of the situation. Water is life and without it everything will come to a stand still. That is why I want to remind you again that we still have serious water restrictions and it will remain in place for the foreseeable future. I pray that we receive good rains during the winter, but even an exceptional rainy season might not be enough to fill the dams to such a level where we can lift the restrictions. I want to encourage every resident to make the extra effort and save every little bit of water. Every drop is precious!

Recently, I was told of a situation where I was unsure of whether I should laugh or cry! Somebody stole a tap from the house of our Speaker. The person was however conscientious enough to close the stopcock before doing so!

Your Inputs are Important

With every new Council Term it is wise to review all the by-laws to ensure that they adhere to the changing requirements and circumstances in our towns as well as amendments to the existing legislation. As the review process progresses, you will see requests for your input and participation published in the local media. Your inputs are important because these by-laws are enforced and upheld in your area. If you do not bring the problem to our attention, we cannot address it properly.

Ons Jeug

Met die aanbreek van Junie bereik ons dan amptelik die helfte van 2017! Ek kan nie glo ons is alreeds so ver gevorder nie!

Junie in Suid-Afrika is moontlik die bekendste maand vir bewussyn van die jeug en uitdagings wat hulle in die gesig staar. Op 16 Junie, herdenk ons weer die jeug wat in 1976 opgestaan het in Soweto teen die apartheidsregering. Die ikoniese foto's van Hector Pieterson dien as 'n herinnering van wat opgeoffer is vir 'n vry en regverdige regering. Deesdae is dit belangriker as ooit vir ons jeug om nie passief langs die kantlyn te staan nie, maar hul stemme te laat hoor op 'n verantwoordelike en positiewe manier.

Omgewingsmaand

Junie is ook Omgewingsmaand. Ons hele munisipale gebied is 'n paradys, maar ons het tog ons uitdagings. As munisipaliteit werk ons onverpoos en spandeer tans baie geld om die uitdagings met veral ons riviere aan te spreek.

Ons het ook onlangs self gehelp om 'n hele aantal bome by die Gholfklub te plant en plaaslike skole word ook betrek om hulle te leer van die belangrikheid van bome en hoe om na die bome om te sien.

Dit is binne die vermoë van elke inwoner om meer omgewingsbewus op te tree. 'n Maklike stap is herwinning wat nou reeds in baie van ons wyke en woonbuurte toegepas word. Ons werk nog aan sisteme vir Klapmuts, Franschhoek, Pniel, Kylemore en Kayamandi. Die munisipaliteit voorsien die deurskynende sakke vir sortering en kom laai die vullis by u huis op. Deur u huishoudelike vullis te skei in herwinbare en nie-herwinbare afval, lewer u 'n groot bydra tot omgewingsbewaring en dit kos u niks. Ek vra u mooi om hierdie klein stappie te neem en u huis herwinningsvriendelik te maak en ons stortingsterreine binne beheer te hou.

Nasionale Bloedskenkersdag

Op 14 Junie is dit Nasionale Bloedskenkersdag en die hele Junie is ook Bloedskenkersmaand. Deur bloed te skenk kan u iemand se lewe red. Ek wil u aanmoedig om, indien u kan, bloed te skenk. Gaan kyk gerus op die WP Bloeddienste se webblad (www.wpblood.org.za) wanneer klinieke naby u plaasvind.

Met enkele koel dae, is dit winter en somer deurmekaar! Die resultaat is deurmekaar klerekaste met winter en somersklere. Tog geniet ek die wisseling van seisoene want dit hou vir my 'n belofte van vernuwing in.

Al is ons nog net aan die begin van winter, sien ek uit na die vooruitsig van 'n kaggelvuur en om te lees by die vuur, in my geval lywige Raaddokumente en nie noodwendig 'n goeie boek nie. Ek hoop u ervaar dit ook so. Lekker lees!

Groete,
Burgemeester Gesie

Our Youth

With the start of June we have officially reached the halfway mark of 2017. I cannot believe we have already advanced so far!

June in South Africa is known as awareness month for the youth and the challenges they face. On 16 June we commemorate the youth of 1976 who stood up against the apartheid government in Soweto. The iconic pictures of Hector Pieterson serves as a reminder of what we sacrificed for a free and fair government. It is more important than ever today for the youth not to stand passively on the side lines but they must raise their voices in a responsible and positive manner.

Environmental Month

June is also Environmental Month. Our entire municipal area is a paradise but we do have our challenges. As a municipality we work continuously and spend large amounts to tackle the challenges, especially with regard to our rivers.

We have recently planted a number of trees at the Stellenbosch Golf Club. Local schools are also included in this project so that they can learn about the importance of trees and how to take care of them.

Every resident is capable of acting more environmentally conscious. An easy step is recycling which has already been deployed in many of our wards and neighbourhoods. We are working on deploying systems for Klapmuts, Franschhoek, Pniel, Kylemore and Kayamandi. The municipality provides the clear bags for sorting and we collect it at your house. By separating your household waste into recyclable and non-recyclable waste, you make a valuable contribution to protect the environment and it is at no additional costs to you. I implore you to please take this small step and make your house recycle friendly. This will help us to manage our dumping sites more effectively.

National Blood Donation Day

National Blood Donation Day is on 14 June and the entire June is Blood Donation Month. By donating blood, you can save someone's life. Go have a look on the WP Blood Services website (www.wpblood.org.za) to see when clinics will take place in your area.

With some cool days, we are now caught between winter and summer. The result is chaotic closets filled with winter and summer clothing. Nevertheless, I enjoy the change of seasons because it gives me a promise of renewal.

Although we are at the start of winter I am already looking forward to sitting and reading in front of the fire place. In my case, I will be reading thick bundles of council documents and not necessarily a good book. I hope you have similar experiences. Enjoy your reading!

Best wishes,
Mayor Gesie